JONKERSHOEK SRA

NUUS / NEWS
Vol 2 Nr 2

22 Feb 2016

## Eerste voltydse bestuurder vir Jonkershoek Spesiale Aanslaggebied aanvaar diens

Belinda Hattingh met wye en 23 jaar ervaring in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), word op 1 Maart vanjaar die eerste voltydse bestuurder van die Jonkershoek Spesiale Aanslaggebied (Jonkershoek SRA), het die voorsitter van die direksie, Thomas Prins, aangekondig.

Sy sal verantwoordelik wees vir die bestuur van die oorhoofse veiligheid en sekuriteit, verfraaiing en instandhouding van oopruimtes in die gebied wat die Jonkershoek-vallei, Mostertsdrift, Karindal, Rozendal, Uniepark en Simonsig insluit. Thorburn is reeds aangestel om die sekuriteitsdienste te lewer en leweransiers vir ander dienste word binnekort aangekondig.

Jonkershoek SRA sal 'n beheerkamer met die Universiteit Stellenbosch deel vir die monitering van die beoogde kameranetwerk in die gebied en Belinda sal met die SAPD, Stellenbosch Wag, die Stellenbosch Munisipaliteit en ander veiligheids- en sekuriteits-organisasies en rolspelers in Stellenbosch skakel. Sy sal ook 'n kantoor deel met Stellenbosch Wag vir maklike koördinering.

Haar verantwoordelikhede in die SAPD het ingesluit sigbare polisiëring, misdaadvoorkoming, die ontleding van misdaadinligting, menslike hulpbronne, reservis-koördinering en sektor-polisiëring. Sy het welslae behaal as Sektor Bestuurder/Koördineerder vir die gebied Moreletapark, gedeelte van Erasmuskloof, Constantia Park, Waterkloof Glen en Wingate-Gholfbaan met verantwoordelikheid vir onder meer 9 000 huishoudings en die koördinering van omliggende SAPD-sektore.

Die suksesresep het ingesluit die gemeenskap se betrokkenheid, 'n radiostelsel met patrollies en 'n beheerkamer, teen-misdaad operasies saam met die gemeenskap en wat op misdaadinligting gebaseer was asook 'n kamerastelsel wat die gemeenskap geïnstalleer het. Sy het ook ondervinding in die administrasie van lugvaartveiligheid- en instandhouding.

Die Jonkershoek SRA is vanaf 1 Julie 2015 in werking in terme van 'n munisipale verordening. In November 2015 het 'n openbare vergadering van meer as 500 inwoners die direksie verkies. Die Jonkershoek SRA is 'n maatskappy sonder winsbejag. Dit vervang nie enige munisipale diens nie, maar lewer bykomende veiligheids- en verfraaingsdienste met verpligte heffings gebaseer op eiendomswaardasies. Huiseienaars bly steeds verantwoordelik vir hul individuele huishoudelike moniterings- en reaksiedienste.

## First full-time manager for Jonkershoek Special Ratings Area assumes duty

Belinda Hattingh who has wide-ranging and 23 years of experience in the South African Police Services (SAPS), becomes the first full-time manager of the Jonkershoek Special Ratings Area (Jonkershoek SRA) on 1 March 2016, the chairman of the board, Thomas Prins, has announced.

She will be responsible for the management of the overall safety and security, beautification and maintenance of the open spaces in the area that includes the Jonkershoek valley, Mostertsdrift, Karindal, Rozendal, Uniepark and Simonsig. Thorburn has already been appointed to provide the security services and other service providers will be announced shortly.

Jonkershoek SRA will share a control room with Stellenbosch University to monitor the planned camera network in the area. Belinda will liaise with the SAPS, Stellenbosch Watch, the Stellenbosch Municipality and other safety and security organisations and role players in Stellenbosch. She will share an office with Stellenbosch Watch to facilitate coordination.

Her responsibilities in the SAPS included visible policing, crime prevention, the analysis of crime information, human resources, the coordination of reservists and sector policing. She achieved success as Sector Manager/Coordinator for the areas of Moreleta Park, part of Erasmuskloof, Constantia Park, Waterkloof Glen and Wingate Golf Course with responsibility for some 9 000 households and the coordination of surrounding SAPS sectors.

Elements of the effective approach included involvement of the community, a radio system with patrols and a control room, operations with the community and based on crime information as well as a surveillance system installed by the community. She also has experience in the administration of aviation safety and maintenance.

The Jonkershoek SRA has been in operation since 1 July 2015 in terms of a municipal by-law. In November 2015 a public meeting of more than 500 residents elected a board of directors. The Jonkershoek SRA is a non-profit company. It does not replace any municipal services, but provides additional security and beautification services by means of compulsory levies based on property values. Homeowners remain responsible for their individual domestic monitoring and response services.